

Nico van  
Gijsen



Raad met jou rande

Ons kyk vandag na boedelbelasting en polisse. Meer spesifiek na van die polis-foefies waarmee sommige raadgewers mense om die bos lei om kwansuis boedelbelasting te vermy.

Niemand wat ek al ontmoet het, hou van die gedagte aan boedelbelasting nie.

Dis 'n belasting wat gehêf word by dood, op dit wat jy in lewe bymekaar maak het met dit wat oorgebly het nadat jy reeds daarop belas is. Dis 'n belasting op finansiële sukses. Dis 'n belasting op harde werk en spaar.

En daarom glo ek sal mense geneig wees om maklik te val vir enige foefie wat aan hulle opgedis word onder die skyn dat dit hulle gaan help om boedelbelasting te vermy. Soos die twak wat versprei word om polisse. En dit is waarop ek vandag wil fokus.

### 'n Polis en boedelbelasting

'n Polis op jou lewe, of dit nou 'n suiwer lewenspolis is en of dit 'n spaarpolis is, is nie uitgesluit uit jou boedel nie. Al betaal dit uit aan iemand anders.

Ongeag wat jou makelaar, agent, raadgever of wat hy of sy hom- of haarself ook wil noem, vir jou sê. Daar is slegs drie gevalle waar dit uitgesluit is. Twee daarvan omdat 'n gelykwaardige waarde êrens anders ingesluit word en die derde omdat dit ingevolge 'n huweliksvoorwaardekontrak uitbetaal.

Kortom, die opbrengs op 'n polis val in jou boedel en word in berekening gebring vir boedelbelasting ingevolge art. 3(3)(a) van die boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955).

### Annuïteite

Die afgelope week hoor ek van 'n kliënt vir wie ons besig is met boedelbeplanning dat sy makelaar aanbeveel het dat hy 'n vrywillige annuïteit moet aankoop. Die geld wat hy hiervoor sal aanwend, sal dan outomaties uitgesluit wees vir die berekening van boedelbelasting.

# Polisse: Vermy dié jakkalsdraaie

## Waak teen beloftes om boedelbelasting vry te spring



As jy so twee eetlepels domwater daarmee saam neem, ja, dalk wel.

Kom ons kyk net eers wat is 'n annuïteit. Die woord maak baie mense deurmekaar.

Dit is basies enige gereelde betaling.

Jou pensioen is byvoorbeeld 'n annuïteit. Maar dis die tipes annuïteite wat verwarring skep.

Daar is uittreeannuïteite, wat eintlik niks met 'n annuïteit te make het nie, want hy betaal niks. Dit is 'n spaarprodukt vir aftrede. Een waarmee jy eendag 'n annuïteit sal moet aankoop, maar op sigself is dit nie 'n annuïteit nie.

En dan die annuïteit wat jy daarmee (of met enige aftreefondsgeld) koop, kan jy ook verdeel in twee: 'n lewende annuïteit of 'n lewensannuïteit. Die eerste is jou eie pensioen waar jy die gevolge van jou beleggingsbesluite self moet dra. Die tweede is 'n gewaarborgde pensioen waar jy die verantwoordelikheid op 'n versekeraar plaas.

Is dit vry van boedelbelasting? Normalweg ja, maar daar is 'n perk.

Enige bedrag geld wat in hierdie produkte belê is, wat nie toegelaat is as 'n belastingaftrekking op bydraes tot 'n pensioen-, voorsorg- of uittreeannuïteitsfonds ingevolge art. 11 van die inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962), of par. 2

van die tweede bylae van hierdie wet, of vrygestel is ingevolge art. 10C van hierdie wet nie, word spesifiek ingesluit vir boedelbelasting ingevolge art. 3(2)(bA) van die boedelbelastingwet. Dit geld sedert 1 Maart 2015. Dis 'n bekvol, maar al wat dit sê, is dat jy nie geld uit jou boedel kan neem en in 'n aftreefonds-tipe annuïteit belê en dink jy kan boedelbelasting vryspring nie.

### Vrywillige annuïteit

Maar daar is nog 'n annuïteit, eintlik die een waarna ek hierbo verwys, en dit is 'n vrywillige annuïteit. Dit word vrywillig genoem omdat jy geld wat jy gespaar het - nie in 'n aftree-tipe fonds nie - kan gebruik om vir jou 'n (vrywillige) annuïteit aan te koop.

Dis 'n fantastiese produk, moenie my verkeerd verstaan nie. Dit bied gewoonlik 'n baie beter inkomste - en dis gewaarborg - as wat jy kan kry uit jou gewone beleggings, tensy jy bereid is om meer beleggingsrisiko aan te neem. En dan genoeg geld het om die op en af van die markskommelings, wat noodwendig met hoër risiko gepaardgaan, te kan hanteer. Dit is ook, sover dit inkomstebelasting aangaan, 'n baie belastingvriendelike opsie. Ek beveel dit gereeld vir kliënte aan.

Maar om boedelbelasting vry te spring?

Wanneer jy 'n vrywillige annuïteit aankoop, het jy basies twee keuses. 'n Annuïteit wat lewenslank betaal tot by jou dood, of tien jaar, welke een die langste is. Dis dan die einde van jou geld. As jy dus baie, baie lank leef kan dit tot jou voordeel wees.

Maar as jy binne 'n jaar of twee doodgaan, gaan net die versekeraar wen. In so 'n geval sal jy darem seker die troos hê dat jy boedelbelasting op daardie geld vrygespring het. Wat my laat wonder of twee eetlepels domwater genoeg is.

Die tweede keuse is om 'n lewenslange annuïteit te koop, maar met die waarborg dat dit by jou dood weer die volle kapitaal waarmee jy die annuïteit aankoop het aan 'n naasbestaande sal uitkeer. Niks anders nie as 'n lewenspolis.

En raai wat? Soos met enige ander polis val die geld terug in jou boedel vir boedelbelasting.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.